Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
(Noord Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 22/03
Datum verhoor: 2003-05-12
Datum gelewer: 2003-05-14

In die appél van:

**LUCKY MAKWAKWA** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* WILLIAMS R

# UITSPRAAK OP APPéL

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant is in die Streekhof skuldig bevind op 'n aanklag van verkragting en is gevonnis tot 12 jaar gevangenisstraf. Hy kom nou in hoër beroep slegs teen die skuldigbevinding.

2. Die appellant, wat regsverteenwoordig was tydens die verhoor, het onskuldig gepleit op die ten laste gelegde misdryf en het in sy pleitverduideliking bloot erken dat hy wel op die datum vermeld in die klagstaat aanwesig was op die plek waar die verkragting na bewering plaasgevind het (Campbells Bottelstoor in Beaconsfield).

3. Namens die Staat het slegs een getuie getuig, naamlik die klaagster. Volgens haar getuienis het sy die appellant geken deurdat hy 'n gereelde kliënt was by die Campbells Bottelstoor waar sy ten tyde van die voorval werksaam was. Die appellant het gewerk by 'n naby geleë myn en het van tyd tot tyd by dié bottelstoor aangedoen as 'n

klant. Op die aand van die voorval was die klaagster volgens haar weergawe al aan die slaap by die bottelstoor, waar sy ook gewoon het, tesame met haar man (wat alreeds oorlede was ten tyde van die verhoor), en 'n ander persoon, ene Michael, wat familie is van die appellant. Die appellant het daar aangekom en die veiligheidsdeur van die bottelstoor met klippe bestook tot dié mate dat die slot daarvan gebreek het. Nadat die appellant toegang tot die bottelstoor verkry het, het hy haar weggesleep, verby haar man en Michael en haar toe verkrag in dieselfde vertrek. Hy het haar ook 'n hou in die gesig en op haar sy toegedien met die vuis.

4. Tydens kruisondervraging het etlike onbevredigende aspekte in die klaagster se getuienis na vore gekom tewete:

a) Daar is wesenlike verskille tussen haar *viva voce*

getuienis en haar getuieverklaring aan die polisie -- 'n aspek waarna ek later weer sal verwys;

b) Die mediese verslag, die sogenaamde J88, bevat geen aanduiding van beserings in haar gesig nie en het die dokter dit geboekstaaf dat sy hom meegedeel het dat sy op beide sye geslaan was;

c) Volgens die klaagster het sy dit nie gerade geag om te skree vir hulp tydens die aanval nie, omdat Michael 'n familielid van die appellant was en haar man op daardie stadium sieklik was en nie op sy eie ver kon loop nie.

5. Die appellant het self getuig en ontken dat hy die klaagster aangerand en verkrag het. Volgens hom het hy by die bottelstoor aangekom en drankies geniet met die klaagster, die twee voormelde persone sowel as ene

Brand. Op ‘n stadium het die klaagster hom gesoen, maar daar het niks verder gebeur nie. Volgens die appellant het hy nie belang gestel om intiem met die klaagster te verkeer nie, aangesien hy besope was.

6. Namens die appellant is ook ‘n getuie, Inspekteur Viljoen, geroep om getuienis te lewer aangaande die getuieverklaring van die klaagster. Volgens Inspekteur Viljoen het sy die inligting, soos weergegee deur die klaagster, in opsommingsvorm geboekstaaf in die getuieverklaring. Sy gee toe dat die klaagster nie Afrikaans as Eerste Taal magtig was nie, maar het sy gevind dat die klaagster haar redelik goed van haar taak kon kwyt in Afrikaans tydens die afneem van die verklaring. Sy het die verklaring teruggelees aan die klaagster, wat daarmee tevrede was.

7. Die klaagster is ‘n enkelgetuie en as sulks is die

welbekende versigtigheidsreël op haar van toepassing. Die landdros het in sy uitspraak hierdie aspek deeglik voor oë gehou en ook verwys na die etlike onbevredigende aspekte in die klaagster se getuienis waarvan ek ook alreeds melding gemaak het hierin. Die landdros het egter na my mening slegs lippediens bewys aan die versigtigheidsreël. Die wesenlikste probleem in die klaagster se getuienis is die volgende passasie in haar getuieverklaring:

> "Ek het my bene toe oopgemaak. Ek het hom gesÍ hy mag my nie verkrag nie. Hy het gesÍ ek moet met sy penis speel tot hy styf is en hom indruk. Ek het toe gespeel tot hy styf is. Ek het sy penis toe ingedruk."

Die klaagster het in haar getuienis in die Hof ontken dat daar hoegenaamd so iets plaasgevind het tussen haar en die appellant en dat sy hoegenaamd so 'n mededeling gemaak het aan die getuie, Inspekteur Viljoen.

Laasgenoemde het op haar beurt volgehou dat dit die inligting is wat afkomstig is van die klaagster wat sy aldus geboekstaaf het in die getuieverklaring. Hierdie is uiteraard 'n ernstige en wesenlike afwyking in die klaagster se weergawe. Dit verskaf ook tot 'n mate stawing vir die appellant se weergawe soos gestel deur sy prokureur, naamlik dat hy nie in staat was om gemeenskap te hou nie aangesien hy nie 'n ereksie kon kry nie vanweë sy beskonkenheid. Die appellant het weliswaar afgewyk in sy *viva voce* getuienis deurdat hy hierdie weergawe nie herhaal het nie, maar meen ek dat dit steeds nie afbreuk doen aan die wesenlikheid van die probleem wat met die klaagster se getuienis opduik nie.

8. Hierdie is die soveelste saak wat ek op appél teëkom waar die Staat dit goed gevind het om nie die mediese dokter se getuienis te lei in die hof nie. Hier was, soos in

sovele gevalle vantevore, die mediese verslag (die J88) bloot opgehandig met toestemming van die Verdediging. Hierdie is ‘n onaanvaarbare toedrag van sake waar, soos wat hier die geval is, die mediese verslag *prima facie* nie ‘n klaagster se weergawe steun nie. Mnr. Roach wat namens die Staat voor ons opgetree het, het heeltemal tereg toegegee dat op nabetragting dit wesenlik noodsaaklik was om die dokter se getuienis in die hof te lei. Hierdie nalate aan die kant van die Staat bring die regspleging in diskrediet, aangesien dit ‘n onreg daarstel teenoor klaagsters in verkragtingsake. Geregshowe kan bevindings maak slegs op die getuienis voor hulle en waar daar verskille voorkom tussen getuieverklarings en/of mediese verslae aan die een kant en *viva voce* getuienis aan die ander kant wat wesenlik van aard mag wees, moet dienooreenkomstig daarmee gehandel word by die oorweging van ‘n beskuldigde se skuld of onskuld.

9. Alles inaggenome is ek van mening dat, ten spyte van die appellant se verskeie probleme betreffende sy getuienis in die hof en dit wat namens hom gestel is deur sy prokureur, daar 'n aansienlike mate van twyfel is aangaande sy skuld in hierdie aangeleentheid. Ek is van mening dat hy die voordeel van sodanige twyfel moet kry en kan die skuldigbevinding dus nie bly staan nie.

**10. Bygevolg word die appél gehandhaaf en die appellant se skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.**

__________________

**S.A. MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam:**

______________

**C.C. WILLIAMS**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | Adv. Ferdi van Heerden |
| NAMENS RESPONDENT | : | Mnr. Lance Roach |
| | | |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2003-05-12 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2003-05-14 |